



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2018
GRAAD 11**

EKONOMIE

VRAESTEL 1

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

12 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN

EKONOMIE
(Vraestel 1)

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende deeglik voordat jy die vrae beantwoord.

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE van die DRIE vrae.

AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde in ooreenstemming is met die kognitiewe vereistes van die vrae.
8. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die grootte van die ekonomiese sektore word gemeet in terme van hulle bydraes tot die ...

- A BBP.
- B BBI.
- C BNP.
- D GPS.

1.1.2 Besluitneming in 'n markekonomie is ...

- A gekonsentreerd.
- B gedesentraliseerd.
- C outokraties.
- D gesentraliseerd.

1.1.3 Die koers waarteen kapitaalvorming plaasvind dui op ekonomiese ...

- A transformasie.
- B demokratisering.
- C ontwikkeling.
- D gelykheid.

1.1.4 Die telekommunikasie regulatoriese owerheid van Suid-Afrika is ...

- A IDASA.
- B ICASA.
- C SABC.
- D NAPTOSA.

1.1.5 Die Reserwebank gebruik die ... beleid om groei in die geld voorraad te beïnvloed.

- A fiskale
- B begroting
- C vraag en aanbod
- D monetêre

1.1.6 Die lewensstandaard van 'n bevolking word die beste beskryf deur ...

- A per capita inkomse.
- B lae ekonomiese groei.
- C daling in uitgawes.
- D sekondêre opvoeding.

1.1.7 Die landswye staatsingryping om werksgeleenthede te skep vir armes en weerlose mense staan bekend as ...

- A Industriële beleidsaksieplan.
- B Regstellende aksie.
- C Uitgebreide openbare werkeprogram.
- D Swart ekonomiese bemagtiging.

1.1.8 Die hoofdoelwit van NEPAD is om ...

- A oorloë te stop.
- B te stem gedurende verkiesings.
- C armoede uit te wis.
- D protes optogte te ondersteun.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Produksiefaktore	A 'n handelsooreenkoms tussen 'n groep ontlukende markte
1.2.2 Makroekonomie	B opleiding en gesondheid
1.2.3 Markekonomie	C weerspieël die demografiese en geslagsamestelling van 'n land
1.2.4 Vervoer infrastruktuur	D ekonomiese somtotale
1.2.5 BRICS	E die ekonomiese stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word
1.2.6 Gelyke indiensname	F verkeersligte en spoorlyne
1.2.7 Privatisering	G insette in die produksieproses
1.2.8 Sosiale aanduiders	H verkoop van staatsbeheerde ondernemings aan privaat eienaars
	I basiese ekonomiese probleme word deur markkragte opgelos

(8 x 1) (8)

1.3 Identifiseer die term wat beskryf word deur elk van die volgende stelling. Skryf slegs die term langs die vraag nommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. (Geen afkortings en akronieme mag gebruik word nie.)

- 1.3.1 Die somtotaal van uitgawes op goedere en dienste deur inwoners van 'n land
 - 1.3.2 Die eienaars van produksiefaktore
 - 1.3.3 Die sektor wat die grootste bydrae lewer tot die BBP in Suid-Afrika en baie werkgeleenthede skep
 - 1.3.4 Kennis wat uniek is tot 'n spesifieke kultuur of gemeenskap
 - 1.3.5 Die indeks wat die ongelykheid in inkomste bereken
 - 1.3.6 Die prys wat die lener vir kreditaankope betaal (6 x 1) (6)

AFDELING A: [30]

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in jou antwoordboek.

VRAAG 2: MAKROEKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van *Parastatale* (SBO's). (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter invloed het 'n verhoging in rentekoerse op armes? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UITTOG VAN KOMMERSIELLE BOERE 'N BEDREIGING
VIR SUID-AFRIKA SE VOEDSELSKERHEID**

Landboudeskundiges waarsku dat die landbousektor in Suid-Afrika in die moeilikheid is en het 'n versoek tot die regering gerig om op te tree om kommersiële boere te keer om die land te verlaat. Tans verlaat een suiwelboer die bedryf elke week omdat hulle nie geld maak nie. Hulle het hoëkoste-produsente geword.

Suid-Afrika as 'n land begin al hoe meer invoer. Die langtermyn gevolg is dat voedsel duurder gaan wees. Die armes sal swaarkry, omdat hulle 40 – 50 % van hul inkomste op voedsel spandeer. Op 'n tydstip waar voedselsekerheid 'n groot kwessie in die wêreld is, is dit sekerlik 'n probleem dat Suid-Afrikaanse boere die land verlaat.

[Aangepas uit *Sunday Times* (Sipho Masondo)]

- 2.2.1 Gee EEN voorbeeld van 'n insetkoste vir suiwelboere in Suid-Afrika. (1)
- 2.2.2 Noem 'n negatiewe effek wat die uit tog van boere op die verbruiker sal hê. (1)
- 2.2.3 Verduidelik kortliks die konsep *kommersiële boerdery*. (2)
- 2.2.4 Verduidelik kortliks die *primêre sektor*. (2)
- 2.2.5 Waarom is die uit tog van kommersiële boere 'n bedreiging vir Suid-Afrika se ekonomiese ekonomiese sektor? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW) VOLGENS EKONOMIESE AKTIWITEIT			
Teen Heersende pryse (Rm)	2016	Teen Konstante pryse (Rm)	2016
Primêre Sektor	398 770	Primêre Sektor	291 143
Sekondêre Sektor	815 816	Sekondêre Sektor	556 935
Tertiêre Sektor	2 654 870	Tertiêre Sektor	1 945 596
BTW teen Basiese pryse	3 869 456	BTW teen Basiese pryse	2 793 674

[Aangepas uit: SARB *Quarterly Bulletin*, Maart 2017]

- 2.3.1 Watter metode word gebruik in die berekening van die Bruto Toegevoegde waarde (BTW) in die bostaande tabel. (1)
- 2.3.2 Watter jaar word huidiglik gebruik as basisjaar deur die SARB? (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks Bruto Toegevoegde Waarde. (2)
- 2.3.4 Verduidelik kortliks die term *Bruto Nasionale Produk* (BNP). (2)
- 2.3.5 Onderskei tussen BBP teen heersende pryse en BBP teen konstante pryse. (2 x 2) (4)
- 2.4 Onderskei tussen *geld kapitaal* en reële kapitaal. (2 x 4) (8)
- 2.5 Waarom verkieς die meeste lande 'n gemengde ekonomiese stelsel? (8)
[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 30 MINUTE

- 3.1 Beantwoord die volgende vrae.
- 3.1.1 Noem TWEE ekonomiese aanwysers wat gebruik word om Suid-Afrika te vergelyk met die res van Afrika. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Hoe kan *tegnologie* ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika versnel? (1 x 2) (2)

- 3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LEWENSVERWAGTING TENDENSE IN AFRIKA

Afrika-maand – as kontinent vier ons dit, vanaf Ras ben Sakka in Tunisië tot in Kaap Agulhas in Suid-Afrika

Lewensverwagting het met meer as 20% verbeter in verskeie lande tussen 2000 en 2016, volgens syfers deur die Wereldbank. Baie hiervan is as gevolg van meer bekostigbare medikasie en die beskikbaarheid van antiretrovirale middels.

JAAR	LEWENSVERWAGTING BY GEBOORTE SONDER HIV/VIGS	LEWENSVERWAGTING BY GEBOORTE MET HIV/VIGS
2014	65,5	52,1
2015	66,3	56,0
2016	67,9	58,7
2017	67,1	61,2

[Aangepas uit bron: www.statssa.gov.za /Public Sector Manager – Mei 2017]

- 3.2.1 Noem die tipe aanwyser waaronder lewensverwagting geklassifiseer word. (1)
- 3.2.2 Gee EEN rede vir lae lewensverwagtingsvlakke in Afrika. (1)
- 3.2.3 Verduidelik die term *lewensverwagting*. (2)
- 3.2.4 Watter effek sal MIV / VIGS hê op *produktiwiteitsvlakke*? (2)
- 3.2.5 Evalueer die faktore wat die verandering in lewensverwagting van 52,1 jaar tot 61,2 jaar teweeg gebring? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PLATTELANDSE-STEDELIKE MIGRASIE
RESULTAAT VAN TREK- EN DRUKFAKTORE



Die proses van verstedeliking word gekoppel aan vlakke van ontwikkeling in terme van behuising, familie groottes en hoe mense lewe in 'n land. Alhoewel daar geglo word dat verstedeliking tot beter lewensomstandighede lei, is dit nie altyd die geval nie. In baie gevalle is dit makliker vir plattelandse inwoners om in hul basiese behoeftes te voorsien.

[Aangepas uit bron: *Google images.com*]

- 3.3.1 Noem EEN positiewe effek van plattelandse-stedelike migrasie. (1)
- 3.3.2 Gee EEN woord vir *plattelandse-stedelike migrasie*. (1)
- 3.3.3 Watter drukfaktor veroorsaak Xenofobië in groot stede? (2)
- 3.3.4 Waarom is dit nie altyd die geval dat verstedeliking tot beter lewensomstandighede lei nie? (2)
- 3.3.5 Wat kan die Suid-Afrikaanse regering doen om die migrasie van die platteland na stede te voorkom? (2 x 2) (4)
- 3.4 Bespreek geld as *ruilmiddel* en *waardedraer*. (2 x 4) (8)
- 3.5 Evaluateer die effektiwiteit van onderwys in terme van dienslewering. (8)
[40]

VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Antwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE metodes wat gebruik word in die berekening van die nasionale inkome syfers. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die rol van die Gini-koëffisient? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

SA het 'n eetlus vir kitskos

Vergeet Duitse motors en luukse horlosies, want kits-kos verbruik kan die mees betroubare aanduiding wees van welvaart van die Suid-Afrikaanse middelklas.

Annabel Bishop, hoof ekonom van Investec het onlangs gesê dat reële inkomste per persoon besig is om te krimp. Die Bruto Nasionale Inkome het afgeneem, nie as gevolg van inflasie nie, maar ekonomiese aktiwiteite het verlangsaam. Besigheidsvertroue is laag en werkloosheid bly in die omgewing van 25%. Hoekom is dit dan dat verbruik van kitskosse steeds toeneem?

Volgens Insig navorsing, is een van die redes die toename van vroue in die arbeidsmag. Dit beteken meer dubbel-inkomste-huishoudings- en hoër besteebare inkomste. Volgens BMI is Suid-Afrika ook 'n tipiese "hoë vleis-verbruiker" en 'n "sterk uit-eet kultuur", waarvan beide drywende faktore is vir kitskosondernemings.

[Aangepas uit Bron: mg.co.za/business]

- 4.2.1 Noem EEN voorbeeld van *nie-duursame goedere* in die kitskos industrie. (1)
- 4.2.2 Wat dra by tot die groei in kitskos verbruik in Suid-Afrika? (1)
- 4.2.3 Watter invloed san 'n hoër besteebare inkomste hê op produksie? (2)
- 4.2.4 Verduidelik kortliks *BNI* (*Bruto Nasionale Inkome*). (2)
- 4.2.5 Verduidelik TWEE ekonomiese aktiwiteite wat plaasvind tydens die *inkrimpingsfase* van die ekonomie. (2 x 2) (4)

- 4.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Grondhervorming – 'n pillaar vir radikale ekonomiese transformasie

Maleshoane Mokhochane-Moeti, 'n bees en saaiboer van Wesselsbron in die Vrystaat, sê *Operasie Phakisa (Maak gou in Sesotho)* is die antwoord op die groei van die landbou-ekonomie. Sy het land bekom deur die grondherverdelingsprogram in 2005 en dit was waar haar liefde vir landbou ontstaan het. Sy sê dat, as 'n swart vrou, is dit 'n eer om deel van die bekendstellingprogram te wees.

Gedurende die bekendstelling, het die Departement van Landboukunde, Bosbou en Visserye, 'n ooreenkoms met China aangegaan. "Die ooreenkoms sal die uitvoer van Suid-Afrikaanse beesvleis na China uitbrei en meer geleenthede vir swart kleinveeboere in Suid-Afrika tot die Chinese mark bied."

[Bron: *Public Sector Manager* – Mei 2017]

- 4.3.1 Gee EEN voorbeeld van saaiboere. (1)
- 4.3.2 Watter handelsooreenkoms is Suid-Afrika en China deel van? (1)
- 4.3.3 Hoe kan die armes deur *grondhervorming* bevoordeel word? (2)
- 4.3.4 Verduidelik kortlik die belangrikste fokus area van Operasie Phakisa. (2)
- 4.3.5 Onderskei tussen *landredistribusie* en *landrestitusie*. (2 x 2) (4)
- 4.4 Verduidelik metodes wat gebruik kan word om *welvaart* te skep, deur te spaar. (4 x 2) (8)
- 4.5 Hoe kan die regering se *verkrygingsbeleid* die gemarginaliseerde inwoners van Suid-Afrika bevoordeel? (8)
[40]

AFDELING B: [80]

AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal as volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. (2)
Liggaam Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede / in-dieptebespreking / ondersoek / bespreek krities / ontleed / analyseer / vergelyk / evaluateer / onderskei / verduidelik / assesseer / debatteer	Maks. (26)
Addisionele gedeelte Gee eie mening / bespreek krities / evaluateer / evaluateer krities / teken 'n grafiek en verduidelik / gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / voltooi die gegewe grafiek / bereken / lei af / vergelyk / verduidelik / onderskei / interpreteer / debatteer kortlik / voorstelle	Maks. (10)
Slot / samevatting: Enige hoërorde samevatting behoort die volgende te bevat: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal • Enige opinie of waardeskattung omtrent die bespreekte feit • Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analyse te versterk • 'n Weerspreekende standpunt met motivering, indien vereis • Aanbevelings / voorstelle 	Maks. (2)
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van infrastruktur in Suid-Afrika. (26)
- Hoe kan ons die waterkrisis in Suid-Afrika oplos? (10)

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die karakterienskappe van ontwikkelende lande. (26)
- Evaluateer inkome ongelykheid met behulp van 'n grafiek. (10)

AFDELING C: [40]**TOTAAL: 150**